Swem

Mnr. Johann Spies is die dryfkrag agter swem by HSS. Ons maak gebruik van die munisipale swembad wat reg langs ons skoolgronde gevestig is. Die swembad word ook vir LO-klasse by die skool gebruik.

FOTO VAN SWEMBAD

Tydens 2016 se kleuregala word 1 nuwe rekord opgestel deur **Micke Smit** en twee nuwe items verskyn op die program, naamlik 100m Vlinderslag, seuns en dogters. Die twee nuwe items se tye word dus aanvaar as nuwe rekords en word gehou deur **Micke Smit en Marcus Engelbrecht**. Die gala is, vir die eerste keer in jare, deur die Blouspan gewen met die Witspan in die tweede plek en die Goudspan derde.

Micke Smit

Marcus Engelbrecht

Ons verloor egter dié jaar die Interskole weg teen Hugenote en die 6-hoekige byeenkoms, wat ons hierdie jaar aangebied het.

Die vierde Frank Myburgh Twilight-gala word verskuif na Worcester as gevolg van die watertekort in Malmesbury en die swembad wat moes sluit. Uit 8 spanne eindig ons uiteindelik 5de. ‘n Goeie prestasie as daar in gedagte gehou word dat al die skole van die Paarl, Stellenbosch, Worcester en verskeie ander Bolandskole deelgeneem het aan die prestige-gala.

Hier volg ‘n bietjie meer agtergrond oor die Frank Myburgh Gala wat HSS jaarliks aanbied:

On 8 November 2012 the Boland High Schools Aquatics Committee, under Johann Spies as chair person, held a special meeting regarding a Boland prestige swimming gala to keep swimming healthy in the Boland, as a school sport. It was proposed that the gala be called the Frank Myburgh Twilight Gala to honour Frank for his contribution to Boland Schools’ swimming and that the gala will only be held in Malmesbury, were Frank was a teacher, HOD and later the vice-principal of Swartland High School.

The first Frank Myburgh Twilight Gala was held on the 7th of February 2013. Schools that participated in the three galas held up to date were: Paarl Boys High, Paarl Gimnasium, Paarl Girls High, La Rochelle, Bloemhof, Somerset College, Parel Vallei, Swartland, Hugenote, Worcester Gimnasium, Bridgehouse, HTS Drostdy, Robertson, Hopefield and Montana.

‘n Opregte dank aan ons ouers wat ons swemkinders so getrou vervoer en ondersteun. Ouerbetrokkenheid is baie belangrik en daarom is ons baie dankbaar vir elke ouer wat gereeld vir ons terugvoering gee oor uitslae van galas en wat ook altyd behulpsaam is as beamptes by verskeie galas. U onbaatsugtige diens aan swem en aan Hoërskool Swartland word raakgesien en opreg waardeer.

.

Rockie Aquatics